| 17 Januarie | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
|---|---|---|


# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE

### SONDAG 19 JANUARIE SE EREDIENS




DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

SnapScan

**Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.**

## DEUROFFERS

Die deuroffers hierdie week is vir die Familiebediening. Op 26 Januarie is dit vir **CAVA.**

## Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag 20 Januarie** | **10:00** | Begrotingsvergadering |
| **Dinsdag 21 Januarie** | **09:00** | Gebedsgroep Hangklip |
| | **16:30** | Gebedsgroep Kleinmond |
| | **17:00** | Finansies (Kerksaal) |
| | **17:15** | Eko-bediening (Kleinmondkerk) |
| **Woensdag 22 Januarie** | **15:00** | Projekte-komitee |
| | **17:00** | Hangklip Bybelskool |
| | **18:00** | Meditasiediens |
| **Donderdag 23 Januarie** | **06:00** | Hangklip Mannegroep |
| | **05:55** | Kleinmond Mannegroep |
| | **18:00** | Paasspel 2025 Inligtingsgesprek |

## BELANGRIKE DATUMS

***7 Maart***: Hangklip-**Hoenderbraai**

***14 Maart:*** NG Kogelberg **Gholfdag**

***21 Maart:*** Kleinmond **Kosmark**

2025

## *Innige simpatie*

Ons dink aan Helmut Lessman (PM1) met die afsterwe van sy dogter in Desember en sy broer in Januarie. *Mag die Here jou vertroos en toevou in Sy liefde.*

Ons dink aan Wilma de Villiers (Ba2) wat siek is.

Ons hou haar in ons gebede...

## SATERDAG 8 FEBRUARIE 08:00

Ons benodig hulp met die opruim en skoonmaak van die verskillende stoorruimtes by die Kerksaal. Indien jy beskikbaar is en bereid is om te help - sien ons jou daar!

***Vele hande maak ligte werk.***






Ons benodig vrywilligers om te help by die erediens met die verwelkoming van lidmate by die deure, uitdeel van die Kerkklok en opneem van offergawes.
Skakel die Kerkkantoor as jy graag wil deel wees van die span

## Besprekings

Kontak vir Joke by die Kerkkantoor (028 271 3470) vir enige **besprekings** by die Kerksaal, Kerkgebou of Gemeentesentrum.

## Ons leraars se kontakbesonderhede

| Ds. Heinrich Carstens | Ds. Leopold van Huyssteen | Ds. Kirsten Small |
|---|---|---|
| *083 566 1490* | 082 707 0676 | *079 296 2431* |
| heinrich@ngkogelberg.co.za | leopold2493@gmail.com | kirsten@ngkogelberg.co.za |




*Alle belangstellendes word genooi om eerskomende* ***Donderdag, 23 Januarie, om 18:00*** *in* ***Kleinmondkerk*** *bymekaar te kom vir meer inligting.*






## Omgee-boetiek

*Besoek ons gerus en kom snuffel tussen die pragtige uitrustings wat op die rakke is.* ***Maandae & Vrydae tussen 10:00 en 12:00.*** *Alle fondse word vir Diens van Barmhartigheid se aksies aangewend.*

# Laat julle lig só skyn... Getuienisaksie

## Opleiding vir geestelike leiers in Overhills



Dit is met blydskap dat die getuienisaksie kan vertel van ds Theuns Henn se gesprek met belangstellende inwoners van Overhills op Saterdag 18 Januarie. Hulle kan vanjaar die kursus volg wat studente leer hoe om die Bybel te verstaan en met ander te deel. Die foto hierby wys die binnekant van die kerkgebou van die Assemblies of God in Overhills. (‘n Paar vroue van dié kerk is gretig om die kursus te volg.)

Uit die geloofsoffers vir getuienis en Kogelberggemeente se begroting vir sending is laat verlede jaar R3000 goedgekeur om dié groepie se studiekoste te borg. (Ons gemeente wil graag hande vat met ander wat die gemeenskap dien en opbou, om só die liefde van die Here te wys.)

**Kersfees – ‘n kans om Christus met Hindoes/Boeddhiste te deel**

Die sendingorganisasie Free to Serve vir wie ons gemeente al baie jare ondersteun, verkondig die Goeie Nuus van Jesus in Indië, Burma, China, Laos en Thailand – te midde van aanvalle en vervolging op talle plekke.



Laat verlede jaar is ons gemeente gevra vir bydraes vir die Kersuitreike waardeur elke jaar baie mense bereik word. Die foto hierby is van so ‘n byeenkoms in een van die ± 80 dorpe waar byeenkomste gehou is. Die pastoor wat hierdie diens in die kommunistiese land Laos gelei het , het ook die bewaarders wat hom tevore in ‘n tronk aangehou het, hiernatoe genooi.

Ongeveer 1000 mense is bereik. Die sendelinge daar het verslag gedoen dat meer as 300 mense Jesus as verlosser aangeneem het. Uit geloofsoffers en ons gemeente se begroting is R4000 hiervoor bygedra.

## VGK ken Dickie Webb-beurse toe



Die VGK het verlede Sondag bykans R28 000.00 as beurse aan jongmense van die VGK Kleinmond toegeken sodat hulle hul studies kan voortsit. Die Dickie Webb Studiefonds is in 1980 gestig en ken jaarliks hierdie beurse toe.

Die meeste van die vanjaar se ontvangers is nog op skool, maar die naskoolse beurshouers studeer in die onderwys, regte, vervoer-ekonomie en lugvaartbedryf.

Groot dank aan lidmate wat jaarliks bydra tot ons gemeente se steun aan hierdie saak.

## BESKIKBAAR BY JOU DIENSWERKER

(Slegs een per huisgesin)




## 2025 KALENDER





Familiemaniere-boekmerk

**Baie dankie aan al die Dienswerkers vir die uitdeel van die Kalenders!**

# Boekoase-hoekie

## Talm met boeke

Soos verlede maand, is daar weer drie aanbevelings vir prikkelende en vervullende leesstof wat by ons Boekoase by die Hangklipkerk beskikbaar is. Alta Jones, wat die mini-biblioteek puik ingerig het en daarna omsien, se geesdrif oor die boeke wat jy daar kan leen, is aansteeklik.




Vandeesmaand se drie titels is:

- **Gesels met God oor Alles (deur Joyce Meyer)**

Gebed hoef nie ingewikkeld te wees nie.

*"God wil hê ons gebedslewe moet natuurlik en genotvol wees, eerlik en uit die hart uit. Hy wil hê ons kommunikasie met Hom moet sonder reëls en regulasies wees. Gebed moet die maklikste ding wees wat ons elke dag doen."*
*Joyce Meyer*

- **Battling Unbelief (deur John Piper)**

Dit is net die krag van God se beloftes, soos ons hulle in die Bybel aantref, wat ons harte kan bevry van die bindings van hol beloftes en die bedrieglike plesiere van 'n sondige lewe. Pastoor John Piper vertel hoe dit moontlik is om uit die knelgreep van sonde los te bree s, hoogmoed, skande, ongeduld, gierigheid, bitterheid, neerslagtigheid en wellus.

- **90 Minutes in Heaven (deur Don Piper met Cecil Murphey)**

Don Piper was op pad huis toe van 'n konferensie af, toe hy in 'n gru-ongeluk betrokke was waarin sy voertuig verpletter is deur 'n vragmotor wat in sy baan inbeweeg het. Mediese personeel het hom op die toneel dood verklaar. Maar terwyl sy skynbaar lewelose liggaam in die wrak van sy motor gelê het, het Piper die glorie en prag van die hemel ervaar in die gedaante van skoonheid en musiek. Negentig minute later, terwyl 'n predikant vir hom bid, het Piper weer geleef. Die herinneringe aan die hemelse ekstase het hom bygebly, maar sy pad na herstel was uitmergelend.

Die Boekoase is elke tweede Sondag net na die erediens oop vir die uitneem van boeke.

# KERKKANTOOR

## ure

| | |
|---|---|
| **MAANDAG** | 10:00 - 13:00 |
| **DINSDAG** | 10:00 - 13:00 |
| **WOENSDAG** | 10:00 - 13:00 |
| | 16:00 - 18:00 |
| **DONDERDAG** | 10:00 - 13:00 |
| **VRYDAG** | GESLUIT |

## KONTAKBESONDERHEDE

***Bedieningsbestuurder: Joke Venter***

028 271 3470 info@ngkogelberg.co.za

Whatsapp: 076 134 7157

***Saakgelastigde: Elizna Hogan***

028 271 3268 fin@ngkogelberg.co.za

***Koster: Danie de Vaal***

083 670 4290

# Verjaarsdae

## 18 Januarie

*Riaan Buckle 082 708 5609 (KB2)*
*Tanja Kuun 082 895 8935 (Ba1)*

## 19 Januarie

*Angus Bolton (HK3)*
*Elsa Crous 078 389 4526 (PM2)*
*Blaise Martin (Ba1)*
*Callie Miessner 072 227 7937 (HK3)*
*Melize Tait 084 515 0688 (Sa3)*
*Pieter van Reenen 072 778 1687 (PM5)*

## 20 Januarie

*Mariëtte Burger 083 291 8458 (KB2)*
*Frank Eager 072 824 3232 (PM5)*
*Johan Kruger 083 381 4158 (Bb 4)*
*Marzanne la Grange (HK3)*
*Voné Lourens 074 890 5019 (Ba2)*
*Marietjie Maré 082 923 9661 (Sa4)*
*Issie Punt (KB2)*

## 21 Januarie

*Bessie Fouche 072 174 3025 (PM3)*

*Charlene Loots 083 397 1441 (BB4)*

*Esther Steyn 082 506 7616 (Ba1)*

*Jacolet van Zyl 079 724 6553 (BB1B)*

*René Wright 082 354 5177 (Ba3)*

# Veels Geluk!

## 22 Januarie

*Wikkie Avenant (Bb 3)*

*Piet Botha 082 436 3739 (KP1)*

*Malissa Janse van Rensburg 072 712 1745 (Sb4)*

*Uli Rietmann 082 316 0382 (Ba1)*

*Basil Thorpe 066 250 2838 (Sa2)*

*Willem Vorster 083 658 6205 (BB1B)*

## 23 Januarie

*Nita Jacobs 079 648 5959 (PM2)*

*Riaan Louw (Sb4)*

*Dorrie Martins 076 161 4838 (Sb3)*

*Dirkje Muller 084 512 2702 (KB2)*

*Hartmut Spingies 083 995 5104 (Bb 2)*

*Anja Steenkamp 083 256 1267 (BB2)*

*Jannie van Wyk 078 696 9526 (KB5)*

## 24 Januarie

*Elsabé de Kock 082 774 7308 (Sb4)*

*Joan de Villiers 083 269 3990 (PB1)*

*Margaret Niemand 083 430 7980 (Sb1)*

*Danie Volschenk 083 321 6429 (BB6)*

Gespreksblad vir groepe

# Die heerlikheid van nuwe wyn!

## Johannes 2:1-12



Sondag 19 Januarie 2025

1. **Gesels bietjie saam...**
    - Gesels oor die vakansietyd wat verby is. Wat het julle familie gedoen wat spesiaal was? Julle kan gesels oor slegte ervarings ook, maar fokus eerder op die positiewe en mooi dinge.
    - Ons is aan die begin van 'n nuwe jaar... Vir wie hou hierdie jaar nuwe begin van een-of-ander-aard in? Wie moes afskeid neem van dinge (waaroor jy dalk hartseer is)?
    - Waaroor is jy opgewonde in die nuwe jaar of vir watter dinge wat voorlê is jy dalk so bietjie bang?

2. **Ons storie nou...**
    - In die kerk praat ons oor roetemerkers of oorgangstye in mense se lewens. Dink aan dinge soos jou doop of belydenisaflegging... dit is onder andere twee groot roetemerkers in ons geloofslewe. Maar om na 'n nuwe skool te gaan of by 'n nuwe werk te begin, kan ook as roetemerkers in jou lewe gesien word... of wanneer jy aftree of besluit om te trou of na 'n "kleiner" blyplek verhuis. Kan julle dink aan nog roetemerkers in julle lewe? Gesels bietjie met mekaar oor die groot roetemerkers in jou lewe en hoe jy dit hanteer.
    - Deur watter veranderinge moet jy of jou gesin of familie vanjaar gaan? Wat lê vir julle voor wat gaan verander?
    - Watter rol - dink jy - speel Jesus in hierdie veranderinge?
    - Wat is die snaakste of vreemdste ding wat jy al ooit by 'n bruilofsfees gesien het?

3. **God se storie...**
    - Lees nou weer die teksgedeelte van Johannes 2:1-12 rustig saam deur.
    - Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het of waaroor jy dalk wonder. Het Sondag se erediens jou gehelp met van hierdie vrae? Waaroor sou jy graag nou meer wou uitvind?
    - Hierdie tyd in die kerklike jaar noem ons EPIFANIE... dis die tyd van God se openbaring aan ons. Waarom dink julle kyk ons juis nou na hierdie wonderwerk? Waarom sou Johannes besluit het om hierdie as die eerste wonderteken van Jesus op te teken in sy evangelie? Waarom - dink jy - maak hierdie storie saak vir ons as gelowiges?
    - Hoekom - dink jy - het Maria vir Jesus gevra om te help? En gesels so bietjie oor Jesus se reakasie teenoor Maria.
    - As jy een van die dissipels was wat die Rabbi gevolg het, maar nog nooit gesien het dat Hy 'n wonderwerk doen nie... hoe sou hierdie wonderwerk jou gedagtes en denke oor Jesus verander?
    - Wat - dink julle - is die simboliek agter die wonderwerk?

4. **Hoe die Bybel ons storie verander...**
    - Wat is die "wyn" in jou lewe wat jy nou nodig het? Het jy die vrymoedigheid om vir Jesus daarvoor te vra?
    - Dink julle ons kan Jesus pla met "onbenullighede" of "aardse probleme"? Hoekom? Of Hoekom dalk nie?
    - Hoe - dink jy - wil Jesus jou help om die lewe meer te geniet? Hoe kan jy die lewe saam met Jesus vier?
    - Jesus het gekom dat ons "lewe in oorvloed" kan ervaar. Wat moet jy doen om hierdie lewe te ervaar? Is daar iets wat jy moet verander?

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes solank uit die Woord en oordink dit hierdie week met die oog op Sondag 26 Januarie se eredienste waar ons fokus op Lukas 4:14-21:

- Maandag 20 Januarie - Lukas 4:14-21
- Dinsdag 21 Januarie - Nehemia 8:1-10
- Woensdag 22 Januarie - Psalm 19
- Donderdag 23 Januarie - 1 Korintiërs 12:12-31
- Vrydag 24 Januarie - Lukas 4:14-21
- Saterdag 25 Januarie - Lukas 4:14-21

# NG Gemeente Kogelberg

ROOIELS / PRINGLEBAAI / HANGKLIP / BETTYSBAAI / KLEINMOND / ARABELLA

## Word deel van die bedieninge in ons gemeente & gemeenskap

### Eredienste

Diensbeurte
Verwelkoming
Nuwe Intrekkers
Musiekbediening
Oudiovisuele
Koffiegroep
Versiering
Gasvryheid

### Kleingroepe

Bybelstudie
Vrouebybelstudie
Hangklip Mannegroep
Kleinmond Mannegroep
Vrouebediening
Agape-groep
Hangklip Tuingroep
Hangklip Biblioteekgroep

### Geloofstoerusting

Kategese
Geloofsvorming
Hangklip Bybelskool
Oggendoordenkings

### Kerkraad

Wyksouderlinge
Dienswerkers
Kommissie-voorsitters
Herders

### Barmhartigheid

Breiprojek
Caritas
Huisgebondenes
Kinderhuis
Omgee-boetiek
Pikkewyntjies
Toebroodjie-projek

### Kommissies

Eiendomme
Finansies
Kerkkantoorsake
Diens van Bramhartigheid
Getuienis
Diensverhoudinge
Kommunikasie
Arbeidsbediening

### Ekologie

Eko-bediening
Proppie-projek
Skoonmaak
Kapgroep
Strandlopers
Overberg Wildfires Volunteers
Kleinmond Natuurbewaring

### Bejaardes

Fynbos Dienssentrum
Lidmate Bo 80
Lakeside Chapel Etes

### Gebedsgroepe

Kleinmond
Hangklip
Vir Sendelinge

**Stuur jou naam & by watter bediening jy betrokke wil raak na: 076 134 7157.**